

DIE BOUBLOKKE TOT

wolboere se sukses

Deur Carin Venter

Die 89ste kongres van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) het op 13 en 14 Junie by die Pine Lodge-oord in Port Elizabeth plaasgevind. Die tema van vanjaar se kongres was "Boublokke tot sukses".

Die NWKV fokus sterk op vennootskappe en verhoudings om die vereniging se visie te verbreed en inklusief te wees. Die produsent is die fondament en anker van die wolbedryf in Suid-Afrika. Daarom moet boublokke voortdurend gevorm en geskaaf word vir 'n gesonde fondament sodat die struktuur suksesvol voltooi kan word.

Plaaslike bedryf in die wêreld-konteks

Wessel Lemmer, landbou-ekonoom by Absa Landboubesigheid, het kongresgangers toegesprek oor waar die

wolbedryf in die wêreld inpas, asook die wyse waarop die Suid-Afrikaanse ekonomie en wolbedryf deur politieke en ekonomiese werklikhede geraak word.

Een van die aspekte wat hy aangeraak het, is bruto binnelandse groei en wisselkoers-vooruitskattings. "As jy 'n uitvoerprodukt produseer en uitvoer na ekonomieë wat groei en jou produk kan bekostig, is jy in die regte bedryf. Dit sluit die wolbedryf in.

"Die landbou lewer 'n groot bydrae tot Suid-Afrika se ekonomiese groei en veeprodukte vorm sowat 50% van die totale bruto produksiewaarde van

landbou. Die tien grootste landboubedrywe in die land dra 75% tot die bruto binnelandse produk by, terwyl die kleiner bedrywe wat nie onder die top tien is nie – soos bloubessies, pekanneute, makadamias en luserngewasse – geweldig vinnig groei. 'n Produsent moet na die veranderinge in die bedryf oplet en tred hou met mededingers om homself mededingend te hou."

Vennootskappe

Tydens besprekings oor wolverwerking en groei onder wolprodusente, het Louis de Beer, uitvoerende hoof van Cape Wools SA, gesê: "Jy moet



Die Silweram-toekening is vanjaar aan Machiel Odendaal oorhandig. Van links is Machiel, sy vrou, Louise, en Guillau du Toit.

die behoeftes van die verbruikers ken om wol strategies te bemark. Ons moet voldoende navorsing doen om die mark goed te verstaan en strategieë uitwerk." Louis het ook oor bevolkingsgroei en die groeiende vraag na wol in lande soos China gesels.

Anthony Kirsten van Sawamba het meer lig gewerp op wolverwerking wat reeds sedert die 1800's in Suid-Afrika beoefen is, met verskeie klein wolwasserye spesifiek langs die Swartkopsrivier. "Die wol is na Wes-Europa uitgevoer. Teen die negentiende eeu was die wolverwerkingsbedryf in Suid-Afrika mededingend, met verskeie wolspesialiste wat waarde toegevoeg het. Ongelukkig het baie van die verwerkingsondernemings tot niet gegaan, met die



Die NWKV se bestuur is, van links: Sipiwo Makinana, herkies as ondervoorsitter, Guillau du Toit, herkies as voorsitter, en Billy van Zyl, ondervoorsitter in die plek van Herman Hugo.



Die beste ekonomies-geklasseerde skeersel, geborg deur Old Mutual, is toegeken aan AF Bradfield & Son van Lion Hill, Wodehouse. Dalys Bradfield het die toekenning ontvang.

nodige vaardighede daarmee saam. As 'n mens na die prys van wol kyk, is die prentjie egter dalk nie so donker nie."

Die waarde van predasie-evaluasie

Prof Graham Kerley van die Nelson Mandela Universiteit het gesê ekstensiewe en deeglike navorsing is oor produsente se probleme met predatore op hul plase gedoen. "Ons het in 2016 met 'n evaluasie van predatore begin en die inhoud daarvan word later vanjaar in boekvorm en PDF-formaat aan produsente beskikbaar gestel. Daar is nie 'n maklike

oplossing vir veeverliese as gevolg van predatore is nie."

Dr George de Kock van Cape Wools SA het oor biosekuriteit gesels en gesê Slenkdalkoors is 'n groot risiko in die komende somermaande. "As jy deel was van die uitbrekings in 2010 en 2012, is dit noodsaaklik dat jou vee ingeënt moet word."

Dr Paul Reynoldts is deur Zoetis genooi as spreker en hy het ook biosekuriteit onder die vergrootglas geplaas. Hy het gesê dit is 'n konsep waaraan groter én kleiner produsente aandag moet gee. Produsente moet hulself vergewis van waar hulle vee koop ten einde siektes te vermy. "Algemene siektes wat produsente soms inkoop, is skaapbrandsiekte, vrotpootjie, absesse, weerstandige haarwurm, ensootse aborsie, hartwater en Johnse siekte."

Kongreshoogtepunte

Guillau du Toit, wat as NWKV-voorsitter herkies is, het die inhoud van die kongres as relevant beskryf en gesê besluite is geneem waarop konstruktief voortgebou sal word. "Die tema van die kongres, 'boublokke tot sukses', het baie duidelik getoon dat ons blokke het om op te bou, dat daar baie werk in die toekoms wag. Ons beleef 'n baie goeie stadium in die wolbedryf, wat toegeskryf kan word aan die goeie pryse wat die wolbedryf tans handhaaf. Die pylyne is leeg, produksie is laag en daar word goeie vooruitskattings vir die totale wolbedryf wêreldwyd gemaak."



Dr Antonie Geyer, direkteur van landbou en ontwikkeling van die Universiteit van die Vrystaat, is 'n voorstander van produsente-studiegroepe.



Die vroueprogram is deur Jannie Putter en Engela van Wyk aangebied. "Verf met druiwe" was 'n vrugbare aktiwiteit op die verfwerkwinkel.

Hy sê sake wat wel aandag vereis, is produksiegeleenthede. "Een hiervan is om goeie gehalte wol te produseer en te kyk na die omgewing waarin geproduseer word. Die kode vir beste praktyke gaan in 'n relevante dokument omskep word. Biosekuriteit is in dié stadium 'n groot fokuspunt. Aangesien daar 'n geïsoleerde geval van Slenkdalkoors was en ons voor 'n volgende seisoen staan wat moontlik groot uitbrekings kan hê, is die boodskap om biosekuriteit toe te pas.

"Beskikbare entstof moet gebruik word, want een mens in die bedryf kan veroorsaak dat 'n distrik uitgesluit kan word van 'n uitvoerproses. Dit kan ons baie nadelig raak, aangesien ons nie eintlik meer wol binnelands verwerk nie en 90% van die wol uitgevoer word. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat ons aan die nodige vereistes vir wêreldhandel voldoen." VP



NWKV-manne wat die kongres bygewoon het. Van links is Kobus Grobler, Izak Klopper en Jannie Fourie op die eerste dag van die kongres.